# SES TEKENS VAN 'N HOND MET HONDSDOLHEID WAARVOOR TROETELDIEREIENAARS OP DIE UITKYK MOET WEES



Hondsdolheid is 'n baie ernstige siekte wat veroorsaak word deur 'n virus wat die brein en senuweestelsel van diere en mense aanval. Hondsdol diere kan simptome van óf die dol- óf die stomvorm van hondsdolheid toon. Diere met die dolvorm sal aanvalle van onverklaarbare angs, prikkelbaarheid en aggressie aan die dag lê, terwyl diere met die stomvorm geneig is om buitengewoon depressief en mak te raak. Diere kan eers weke of maande nadat hulle deur 'n hondsdol dier gebyt of gekrap is tekens toon, en teen daardie tyd mag die voorval al vergete wees. Dit is baie belangrik dat eienaars waaksaam moet wees en die gedrag van hulle diere dophou en op die uitkyk wees vir die tekens soos hier onder bespreek. As jou troeteldier nie ten volle teen hondsdolheid ingeënt is nie en sonder toesig by oningeënt diere was, beide huisdiere en wilde diere, is dit noodsaaklik om hondsdolheid uit te skakel. As jou hond enige van die volgende tekens toon moet dit onmiddelik na die veearts geneem word om die oorsaak van die simptome te evalueer en om hondsdolheid uit te skakel of dit te bevestig.

## 1. GEDRAGSVERANDERING

'n Verandering in temperament is een van die eerste en bekendste simptome van hondsdolheid. Stil en ontspanne honde kan opgewonde of aggressief raak en aktiewe of meer aggressiewe honde kan senuweeagtig, skaam of buitengewoon mak raak. Gedragsveranderinge word dalk nie altyd deur hondsdolheid veroorsaak nie, maar die hond moet ondersoek word as daar 'n risiko van hondsdolheid is. Gedragsveranderinge by 'n hond met hondsdolheid kan baie gevaarlik wees. Hierdie veranderinge kan veroorsaak dat jou hond aggressief raak en sonder uitlokking probeer byt of aanval. As die hond hondsdolheid het en 'n ander dier of 'n mens byt kan die hondsdolheidbesmetting baie maklik van die besmette hond na die slagoffer oorgedra word.

## 2. WAGGELENDE GANG

'n Waggelende gang of gebrek aan koördinasie is dikwels een van die eerste tekens wat verband hou met hondsdolheid by honde. Dit lyk asof die hond van balans af of dronk is. Dit is moontlik dat hierdie simptoom verwar kan word met ander gesondheidsprobleme, so gee noukeurig aandag aan jou hond as dit skielik 'n waggel ontwikkel wat nie te wyte is aan 'n ooglopende besering nie. Doelloos rondloop is ook 'n verdagte teken van hondsdolheid.

## 3. SUKKEL OM TE SLUK/"BEEN IN DIE KEEL-SINDROOM"

Hondsdolheid kan verlamming van die keelspiere veroorsaak, wat dit vir honde moeilik of onmoontlik maak om te sluk. Honde kan ook hulle bekke of kele met hul pote klap en krap en eienaars mag dink dat daar iets soos 'n been in die hond se bek of keel vassit. Wees versigtig as jy 'n hond ondersoek wat hierdie simptoom toon, veral as hondsdolheid vermoed word, aangesien hondsdolheid deur speeksel oorgedra kan word.

## 4. OORMATIGE KWYL

Oormatige kwyl mag nie altyd verband hou met hondsdolheid nie en kan deur 'n wye verskeidenheid toestande veroorsaak word. Oormatige kwyl saam met ander simptome op hierdie lys of oormatige kwyl wat erge speekselvloei veroorsaak kan egter 'n teken van hondsdolheid wees. As jou hond oormatig kwyl, ongeag die rede, moet dit dadelik deur 'n veearts geëvalueer word.

## 5. TOEVALLE

Toevalle op hulle eie is nie noodwendig 'n aanduiding van hondsdolheid nie en kan deur 'n wye verskeidenheid toestande veroorsaak word. Toevalle tesame met ander simptome wat hier gelys word of die skielike aanvang van toevalle by enige hond wat nie teen hondsdolheid ingeënt is nie moet egter altyd 'n rede tot kommer wees en so gou as moontlik ondersoek word.

## 6. VERLAMMING

Verlamming of swakheid is gewoonlik 'n simptoom van hondsdolheid wat in 'n gevorderde fase is. Verlamming kan deur baie toestande veroorsaak word en 'n verlamde hond moet dadelik na die naaste veearts geneem word. Wanneer verlamming gepaard gaan met ander simptome op hierdie lys is dit 'n teken wat ooreenstem met hondsdolheid. Namate hondsdolheid in 'n besmette dier vorder veroorsaak dit progressiewe spierverlamming. Gewoonlik begin hierdie verlamming by die keel, maar dit sal uiteindelik na die hele liggaam uitbrei.

**'n Hond wat hondsdolheid het sal binne 'n week doodgaan en daar is geen genesing vir die siekte nie. Voorkom dodelike hondsdolheid en verseker dat jou hond (en kat) voldoende ingeënt is teen hondsdolheid.**

**Vir nadere inligting, skakel met jou naaste dieregesondheidstegnikus, privaat veearts of staatsveearts.**



| Direktoraat: Dieregesondheid | Direktoraat: Voedselinvoer- en Uitvoerstandaarde |
|---|---|
| Dieregesondheid<br>Tel.: +27 12 319 7456, Faks: +27 12 319 7218<br>E-pos: PA.DAH@dalrrd.gov.za<br>Webwerf: www.dalrrd.gov.za | Afdeling Dieregesondheidsbevordering<br>Tel.: +27 12 319 6004/6117/6444<br>E-pos: info.sps@dalrrd.gov.za<br>Webwerf: www.dalrrd.gov.za |




agriculture, land reform & rural development

Department:
Agriculture, Land Reform and Rural Development
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

2030 NDP